# NOORDELIKE SINODE

Kommunikasie Taakspan Verslag Oktober 2025

## Opdrag

Die doel van die Kommunikasie Taakspan was om te besin hoe om die kommunikasie binne die Noordelike Sinode te verbeter.

Noordelike Sinode
Kommunikasie Taakspan Verslag Oktober 2025

Inhoudsopgawe

**1. Inleiding ........ 2**
**2. Benadering tot die opdrag ........ 2**
**3. Kommunikasie Opname ........ 2**
3.1 Samestelling van respondente: ........ 3
**4. Oorhoofse opsomming ........ 4**
4.1 Voorkeur vir Kommunikasiekanale ........ 4
4.2 Inhoud en Frekwensie van Kommunikasie ........ 4
4.3 Kommunikasie met gemeentes ........ 4
**5. Opname terugvoer ........ 5**
5.1 Afdeling 1 - Voorkeur vir Kommunikasiekanale ........ 5
5.1.1 Kommunikasiekanale - huidig en toekoms voorkeure ........ 5
5.1.2 Rolspelers het verskillende kommunikasie voorkeure ........ 5
5.1.3 Voorkeur: Stuur of Selfsoek? ........ 6
5.2 Afdeling 2 - Inhoud en Frekwensie ........ 7
5.2.1 Afdelings van Verskil wat dikwels gebruik word ........ 7
5.2.2 Standaard inligting wat nie geredelik beskikbaar is nie ........ 7
5.3 Afdeling 3 : Kommunikasie met gemeentelede ........ 8
5.3.1 Digitale kommunikasie metodes / inligting bronne huidig in gebruik en voorkeur metodes vir die toekoms ........ 8
**6. Aanvanklike Aanbevelings vir Verbetering van Kommunikasie ........ 9**
6.1 Strategiese kommunikasie beleid (voorspelbaarheid) ........ 9
6.2 Kommunikasie Kultuur ........ 9
6.3 Kommunikasie rakende spertyd gedrewe operasionele take ........ 9
6.4 Benadering tot dringende kommunikasie ........ 9
6.5 Algemene aanbevelings ........ 9
6.5.1 Optimalisering van Voorkeur-Kanale: ........ 9
6.5.2 Toeganklikheid van Inligting: ........ 10
6.5.3 Sinodenuus en Gemeentekommunikasie: ........ 10
6.5.4 Kapasiteitsbou, Beleid en Opleiding: ........ 10
**7. Uitvoering van aksies ter ondersteuning van Taakspan gesprekke ........ 10**
**8. Kommentaar van die Taakspan op 25 Maart 2025 en ondersteunende aksies ........ 11**

# 1. Inleiding

Die doel van die Kommunikasie Taakspan was om te besin hoe om die kommunikasie binne die Noordelike Sinode te verbeter. Hierdie verslag verskaf ‘n oplossing van die werk verrig tesame met die aksies implementeer. Die werk is grootliks afgehandel en die oorblywende take sal voltooi wees teen Desember 2025. Die prosesse sal daarna bestuur word in uitvoering van dag tot dag prosesse.

Die taakspan lede wat deelgeneem het aan hierdie opdrag is as volg: **Nioma Venter, Rikus Delport, Lizette Wessels, Paullet Grobler, Paul Grobler, Lizl-Louise Schoeman, Rehan Rheeder, Dewald Roux, Hannes Bezuidenhout, Carli Fourie en Dewald Niemandt.**

# 2. Benadering tot die opdrag

Die benadering wat het die volgende stappe ingesluit:

a. Verstaan die huidige situasie deur ‘n opname te doen om vas te stel hoe huidige kommunikasie benut word en watter kommunikasie voorkeure bestaan.
b. Gebruik die uitkoms om aanbevelings te maak aan die Taakspan.
c. Taakspan bespreek die uitkoms en maak verder aanbevelings.
d. Implementeer aksie ter ondersteuning van die opname, die aanbeveling en die Taakspan insette.

# 3. Kommunikasie Opname

Tydens die Noordelike Sinode se Taakspan Kommunikasie se vergadering op 25 September 2024, is besluit om ’n opname uit te voer met die doel om huidige gebruik te evalueer en onder andere die volgende vas te stel:

- Watter gedeeltes van Verskil gereeld gebruik word.
- Watter inligting moeilik verkrygbaar is.
- Die metodes wat verkies word om kommunikasie te ontvang.
- Die frekwensie van kommunikasie wat verkies word.
- Gedeeltes wat moontlik direk aan gemeentelede gestuur kan word.
- Kommunikasiemetodes wat binne gemeentes gebruik word.


Die opname is gedurende November 2024 uitgevoer en deur 79 respondente voltooi. Twee-en-twintig van die respondente is nie leraars nie (20 kerkkantoorrolspelers, 1 kerkraadslid en 1 jeugwerker). Dus het 57 uit 110 leraars (51%) die opname voltooi.

Dit verteenwoordig 'n fout marge van 8,87%. Hoewel ’n fout marge van 8% of minder ideaal sou wees, bied ’n fout marge van 8,87% steeds voldoende insig om rigtinggewend te wees. Die verwerking van die opname weerspieël die terugvoer van al 79 respondente in totaal.


Deelname oor die opname tyd was mees aktief op 18, 22, 27 en 29 November 2024. Die opname is weer in Maart 2025 uitgestuur in poging om verdere terugvoer te verkry.


## 3.1 Samestelling van respondente:


Die deelname oor tyd is as volg ontvang.




Die volgende respondente het die opname voltooi:



Die meerderheid respondente is in stedelike gebiede gevestig (60%). Van die 79 respondente is 57 leraars.

Die ouderdoms verdeling van die respondente is soos volg:

- 33% is in die ouderdomsgroep 60 tot 69 jaar,
- 32% in die groep 50 tot 59 jaar,
- 18% in die groep 30 tot 39 jaar,
- 11% in die groep 40 tot 49 jaar, en
- 6% is in die ouderdomsgroep 70 jaar en ouer.

# 4. Oorhoofse opsomming

## 4.1 Voorkeur vir Kommunikasiekanale

Die kommunikasiekanale wat tans die meeste gebruik word, is **E-pos** en **WhatsApp**. Daar is 'n neiging dat die gebruik van WhatsApp kan toeneem, terwyl die gebruik van E-pos moontlik sal afneem. Verskeie rolspelers verkies om slegs een kommunikasiekanaal te gebruik, soos net WhatsApp of net E-pos.

Ongeveer **50%** van die respondente **verkies 'n kombinasie van selfsoek** en **ontvang** van inligting, terwyl **41%** verkies dat alle **inligting direk aan hulle gestuur word**. Slegs 'n **kleiner groep** respondente verkies om **self die inligting te soek.**

## 4.2 Inhoud en Frekwensie van Kommunikasie

Een afdeling, **Sinodenuus**, in die nuusbrief *Verskil* word gereeld deur meer as 50% van die respondente gebruik. Ander afdelings word minder gereeld geraadpleeg.

15% van die respondente meld dat daar sekere **inligting is wat moeilik verkrygbaar** is en wat hulle dwing om addisionele oproepe te maak. Die volgende temas word in dié verband uitgelig:

- Kalender
- Sinode-inligting
- Korporatiewe bestuur
- Gemeente-inligting
- Jeuginligting

## 4.3 Kommunikasie met gemeentes

48% van die respondente meen dat **Sinodenuus** relevant is om direk aan gemeentes versprei te word. Daarteenoor is 16% van mening dat dit nie van toepassing is nie, met redes wat verband hou met die volgende temas:


- Te veel inligting word verskaf, wat lidmate oorweldig.

- Gemeentes moet self diskresie toepas oor watter inligting versprei word.
- Belangstellendes behoort self toegang tot die inligting te kry indien nodig.

# 5. Opname terugvoer

## 5.1 Afdeling 1 - Voorkeur vir Kommunikasiekanale

### 5.1.1 Kommunikasiekanale - huidig en toekoms voorkeure




In totaal gebruik 65 respondente (82%) **E-pos** om kommunikasie vanaf die Sinode te ontvang.

- 49 respondente (62%) gebruik WhatsApp.
- 21 respondente (26%) verkies 'n webtuiste.
- 11 respondente (13%) maak gebruik van "Facebook".
- 5 respondente (6%) gebruik SMS/Teks.
- 2 respondente (2,5%) verkies "Instagram", en
- 2 respondente (2,5%) gebruik ander platforms.

Daar is 'n neiging dat die gebruik van WhatsApp in die toekoms sal toeneem, terwyl die gebruik van "Facebook", webtuistes en SMS waarskynlik sal afneem.

### 5.1.2 Rolspelers het verskillende kommunikasie voorkeure

**Kerkkantoorrolspelers (20) verkies:**

- 16 (80%) verkies **E-pos** vir kommunikasie.
- 2 (10%) verkies **WhatsApp** in kombinasie met **E-pos**.
- 3 (15%) verkies slegs **WhatsApp**.
- 1 (0,5%) verkies om net 'n **webtuiste** te besoek.


**Die Leraarrolpselers (57) verkies:**

- 14 (25%) om **net "WhatsApps"** te ontvang (samestelling tussen 30 en 70 jaar) en

- 13 (23%) verkies om **net E-posse te ontvang** (meestal >50jaar)
- 24 (42%) verkies 'n **kombinasie** van **E-posse en "WhatsApp"** (Verskeie ouderdomme)
- 2 (3,5%) verkies "Facebook" in **kombinasie** met E-Pos en WhatsApp
- 2 (3,5%) verkies gebruik van SMS/Teks in kombinasie met E-pos en WhatsApp
- 1 (2%) verkies "Instagram" in kombinasie met WhatsApp en Epos
- 1 (2%) verkies 'n "Website" in kombinasie met WhatsApp en Epos

Die ander twee rolspelers is 1 jeugwerker (verkies E-pos) en 1 kerkraadslid (WhatsApp)

### 5.1.3 Voorkeur: Stuur of Selfsoek?





**53%** van die respondente verkies 'n **kombinasie** van **selfsoek** en die **ontvang** van inligting.

**41%** verkies dat alle inligting **direk** aan hulle **gestuur** word, terwyl **6%** verkies om **self** na die inligting te **soek**.


## 5.2 Afdeling 2 - Inhoud en Frekwensie

### 5.2.1 Afdelings van Verskil wat dikwels gebruik word




**Sinodenuus** is die enigste afdeling wat deur meer as die helfte van die respondente gebruik word (58%). **Kolleganuus** en **Gemeentenuus** word deur 41% van die respondente gebruik. **Toerusting** word deur 34% geraadpleeg, terwyl minder as 20% gebruik maak van **Ander nuus** (14%) en **Naskrif** (8%).

### 5.2.2 Standaard inligting wat nie geredelik beskikbaar is nie





Die volgende inligting is nie op hande nie en respondente versoek dat dit as volg beskikbaar gemaak word:

| Tema | Standaard inligting benodig wat nie geredelik besikbaar is nie | Op welke manier sou jy graag toegang tot die bogenoemde inligting wou hê | Frekwensie Rolspelers |
|---|---|---|---|
| **Sinode Inligting** | Kontaknommers van verskillende Sinodale bedienings en poste | Digitaal Beskikbaar op Webblad | Weekliks |
| | Taakspanne inligting, werksaamhede vd Noordelike Sinode, predikante en hul gemeentes, watter gemeentes vorm 'n Ring, terugvoer van SDR na gemeentes | Digitaal Beskikbaar op Webblad | Ad Hoc |
| **Gemeente Inligting** | Makliker data-soekfunksie vir predikante en gemeentes, alhoewel google die ding doen. Dalk Jaarboek op so 'n manier op website sit. | Digitaal Beskikbaar op Webblad | Jaarliks |
| **Korporatiewe bestuur** | Gemeente se finansiele verpligtinge aan die ring. Sinodepersoneel se rolle - wie kontak ek met watter navraag. | Digitaal Beskikbaar op Webblad | Ad Hoc |
| | Diensverhoudinge, kontrakte | Digitaal Beskikbaar op Webblad | Ad Hoc |
| | Konstitusie om bankrekening oop te maak | Digitaal Beskikbaar op Webblad | Ad Hoc |
| **Datums** | Belangrike datums: vir die opstel van die volgende jaar se kalender | Digitaal Beskikbaar op Webblad | Ad Hoc |
| | Kalender | Digitaal Beskikbaar op Webblad | Ad Hoc |
| | Datums van belang in die kerkkalender | Digitaal Beskikbaar op Webblad | Ad Hoc |
| **Jeug Inligting** | Enige Jeug sake, bv. aktiwiteite, kampe, lesmateriaal, ens | Stuur dit asseblief vir my gereeld | Weekliks |

## 5.3 Afdeling 3 : Kommunikasie met gemeentelede


### 5.3.1 Digitale kommunikasie metodes / inligting bronne huidig in gebruik en voorkeur metodes vir die toekoms




In totaal gebruik 75 respondente (94%) **WhatsApp** om tans met gemeentes te kommunikeer.

- 37 (46%) gebruik **E-pos**.
- 38 (48%) maak gebruik van **Facebook**.
- 15 (19%) gebruik **SMS/Teks**.
- 11 (13%) maak gebruik van **ander** kommunikasie-platforms.

Daar is 'n aanduiding dat die gebruik van hierdie metodes moontlik effens kan afneem in die toekoms.




**Sinodenuus** (38; 48%) en **Warmnuus** (34; 43%) word aangedui as die mees toepaslike afdelings om direk aan gemeentes te kommunikeer.

Dertien respondente meen egter dat geen inligting in *Verskil* toepaslik is om aan gemeentes te kommunikeer nie. Hulle verskaf die volgende redes (soos uiteengesit in die tabel hieronder):

| Tema | Waarom moet daar nie direk aan die gemeentes van die bogenoemde inligting gekommunikeer word nie? |
|---|---|
| Gemeente diskresie word gebruik | Ons kommunikeer deur die kerkkantoor met die gemeente. |
| | Bitter min iets wat relevant op gemeentevlak is. Indien relevant, gee die predikant dit deur |
| | Ek/ons leierskap moet kan besluit oor wat relevant is of nie. Mens kan nie van alles op hoogte wees nie. oor wat relevant |
| | Doen dit self indien nodig geag word |
| | Ons gee deur wat nodig is |
| | Kantoor sal relevante/nodige inligting uitlig aan gemeente. |
| | Ek dink nie daar sal veel belangstelling daarin wees nie |
| | Ek beleef dit as 'n nuusbrief vir predikante |
| | Ek dink nie hulle steur hulle daaraan nie. Die moontlike 1% sal dit op webblad vind. |

| Tema | Waarom moet daar nie direk aan die gemeentes van die bogenoemde inligting gekommunikeer word nie? |
|---|---|
| | Omdat die leierskap vd gemeente moet Pa staan en ons nie altyd gereed of bereid is om oor elke saak te debateer nie, en omdat dit Ecclesia Completa is, en nie 'n Sinodekrasie nie |
| Te veel inligting | Wanneer te veel inligting aan lidmate gestuur word, ignoreer hulle dikwels alle kommunikasie van die kerk af. Dan mis hulle ook belangrike inligting. |
| Belangstellendes kan self ekstra lees | Die gemeentelede is welkom om self te lees waarin hulle belangstel |
| | Hulle kan dit self oplees |

# 6. Aanvanklike Aanbevelings vir Verbetering van Kommunikasie

Die volgende is gedagtes is voorgelê aan die Taakspan vir oorweging:

## 6.1 Strategiese kommunikasie beleid (voorspelbaarheid)

- Langtermyn strategie: Ontwikkel 'n 3-jaar kommunikasieplan.
- Skep sekerheid van wat ***wanneer en waar ontvang*** sal word, sodat die belanghebbendes se verwagting bestuur word en daar deursigtigheid is.
- Pas frekwensie aan om oorlading van inligting te voorkom, bv. **weeklikse kommunikasie** vir kort boodskappe en **maandelikse opsommings** vir meer omvattende inligting.
- Eksperimenteer met platforms soos "Instagram" en verbeter die gebruik van Facebook as inligtingsbronne, veral vir jeugkommunikasie. (Groeperings inskakel en bewusmaking)

## 6.2 Kommunikasie Kultuur

- Skep 'n kultuur van eienaarskap rakende kommunikasie en reaksie by Leraars, Leierskap en Kantoorpersoneel.
- Optimaliseer operasionele ritme van kommunikasie distribusie om optimale aandag by ontvangs te verseker (moontlik na die middel van die week eerder as op 'n Vrydag).

## 6.3 Kommunikasie rakende spertyd gedrewe operasionele take

- Voorspelbare kommunikasie tydgleuwe vroeg in die week om gemeentes in staat te stel om tydig te kan reageer op versoeke.

## 6.4 Benadering tot dringende kommunikasie

- Stuur 'n WhatsApp ter bewusmaking aan Leraars van dringende versoeke wat via epos uit gestuur is aan kerkkantore.

## 6.5 Algemene aanbevelings

### 6.5.1 Optimalisering van Voorkeur-Kanale:

- Fokus op **WhatsApp** as 'n groeiende voorkeur opsie vir kommunikasie, veral vir jonger rolspelers.

- Hou **E-pos** as 'n standaardkanaal vir formele kommunikasie, maar oorweeg om dit te kombineer met korter, interaktiewe WhatsApp-boodskappe.
- Neem 'n **gedifferensieerde benadering**: Segmenteer kommunikasie volgens ouderdomsgroep of rolspeler-voorkeure.

### 6.5.2 Toeganklikheid van Inligting:

- Skep 'n **digitale databasis** op 'n toeganklike webblad om statiese inligting soos kalenderdatums, kontakbesonderhede, en korporatiewe inligting maklik beskikbaar te maak.
- Oorweeg 'n soekvriendelike jaarboek wat aanlyn bygewerk kan word en gereeld versoek word deur respondente.

### 6.5.3 Sinodenuus en Gemeentekommunikasie:

- Hersien die **inhoud van "Sinodenuus"** om seker te maak dit bevat slegs toepaslike en gekonsentreerde inligting vir gemeentelede.
- Gebruik 'n **filterstrategie** waar gemeentelike leierskap spesifieke dele van Sinodenuus uitstuur wat direk toepaslik is vir lidmate, soos jeugaktiwiteite en belangrike datums.

### 6.5.4 Kapasiteitsbou, Beleid en Opleiding:

- Verskaf riglyne aan kerkkantoorrolspelers oor hoe om kommunikasie doeltreffend te hanteer en te stroomlyn.
- Opleiding in die gebruik van digitale platforms soos WhatsApp Business en Facebook beleid om reputasie risiko te bestuur.

# 7. Uitvoering van aksies ter ondersteuning van Taakspan gesprekke

| | Behoefte in opname identifiseer | Aksie Stap | Status | |
|---|---|---|---|---|
| 7.1 | Data opdatering om te verseker dat belanghebbendes se korrekte kontak besonderhede tesame met hulle voorkeure beskikbaar is. | Databasisopdatering-vorm word deurlopend uitgestuur om kontak besonderhede en POPIA toestemming te verkry. | Hierdie stap is in proses en daar is huidig 264 belanghebbendes wat hulle voorkeure aangedui het. Die doel is volledigheid en akkuraatheid en daardeur te verseker dat daar aan die korrekte partye tydig en akkuraat kommunikeer word.<br><br>25 Emeritus nie werksaam<br>13 Emeritus werksaam<br>102 Predikante (sluit in A01, B02, A02, A03, A04, A09)<br>47 Kerkraadslede | 🔄 |

| | Behoefte in opname identifiseer | Aksie Stap | Status | |
|---|---|---|---|---|
| | | | 54 Kerkkantoor-personeel Die restant word opgemaak deur persone buite die Noordelike Sinode. | |
| 7.2 | Respondente dui aan dat hulle verskillende voorkeure het rakende hoe hulle kommunikasie wil ontvang. *(Opname punt 5.1.2)* | Stel belanghebbendes in staat om aan te dui wat hulle voorkeur is wat hulle verkies deur WhatsApp of E-pos of al twee te kies. | Reeds implementeer deur voorsiening te maak dat belanghebbendes aandui wat hulle voorkeur kommunikasie kanale is. | ✅ |
| 7.3 | Respondente dui aan sommige self soek verkies en ander verkies dat inligting aan hulle gestuur word. *(Opname punt 5.1.3 en 5.2.2)* | Verskaf aan Noordelike Sinode belanghebbendes 'n webblad waar inligting vanaf bekom kan word en waardeur navrae hanteer kan word en inligting wat na gesoek word geredelik beskikbaar is | Gedeeltelik geïmplementeer met finale nasien en afronding werk wat tans gedoen word. www.noordsin.co.za | 🔄 |
| 7.4 | Verskaf die Noordelike Sinode brief op so 'n wyse dat gemeentes dit kan versprei, sou hulle dit wou doen, of inligting daaroor insluit in hulle gemeente briewe / nuusbriewe. *(Opname punt 5.3.1)* | Versprei die Verskil op 'n wyse wat maklik is vir gemeentes om in te sluit in hulle kommunikasie, of om gedeeltes uit te haal en in hulle kommunikasie in te sluit. | Reeds implementeer, die Verskil word as digitale skakel versprei en kan ook op die webblad gelees / bekom word in die argief. | ✅ |
| 7.5 | Verskillende gedeeltes van die Verkil word deur verkillende belanghebbendes as van primêre belang beskou. *(Opname punt 5.2.1)* | Bied die verskil met 'n indeks aan wat lesers in staat stel om direk na die gedeeltes wat hulle in belangstel te navigeer. | Reeds implementeer | ✅ |

# 8. Kommentaar van die Taakspan op 25 Maart 2025 en ondersteunende aksies

| | Taakspan gesprekspunte | Aksie Stap | Status | |
|---|---|---|---|---|
| 8.1 | Neem aan Warmnuus sou ook gelees word omdat dit net voor Sinodenuus wees. | Waarneming – geen aksie. | Waarneming – geen aksie. | - |
| 8.2 | Verskil het altyd op 'n Vrydag histories uit gegaan. Het probeer om na Donderdag aand toe te skuif sodat dit | Werk na 'n voorspelbare distribusie tyd om die ontvangers in staat te stel om die Verskil in hulle gemeente | Die distribusie is nou gevestig in 07h45 uitstuur elke Vrydag oggend. Die Sinode is bewus daarvan dat ten minste twee | ✅ |

| | Taakspan gesprekspunte | Aksie Stap | Status | |
|---|---|---|---|---|
| | beskikbaar is vir gemeentes voor de naweek. Kan weer oorweeg om te skuif. Teen Donderdag aand is gemeentes se briewe al reeds amper gereed. | kommunikasie in te sluit op die wyses wat hulle verkies. | Gemeentes sluit reeds die Verskil as skakel in hulle gemeente kommunikasie wat vrydae verspei word insluit. | |
| 8.3 | Ook m.b.t. finansies versoeke bv om sekere inligting terug te stuur. | Stel gemeentes in staat om na die regte persoon inligting te stuur. Verdere prosesse sal implementeer word om gemeentes in staat te stel om hulle inligting te kan oplaai in 'n gebruiker vriendelike wyse wanneer die volgende siklusse van inligting indien afskop. | Die webblad maak voorsiening vir finansies versoeke m.b.t inligting benodig. Hierdie aspekte sal deurlopend verbeter word, en verdere funksionaliteit sal bygevoeg word. | ✅ |
| 8.4 | 'n Plan sal mense sekere doelwitte gee waarna hulle werk. Duidelike riglyn help. | Die aksies stappe soos identifiseer word planmatig bestuur deur 'n kern projek groep. Die nuwe Kommunikasie Beampte Mev Elmarie Jooste neem leiding hiermee. | Hierdie aksie behels werk om deurentyd gedoen te word. | ✅ |
| 8.5 | Ons is verder as wat ons was. Navorsing moet omgeskakel word in werkbare data en resultate deel met belanghebbendes. Steun plan, en ons het reeds dit in mate. Pos gaan daarop fokus. Wil nie net inligting gee nie, wil konneksie gee dat mense voel hulle behoort deel van groter sisteem. Interaktiewe gebruik van webblad en kommunikasie. | Die aksies stappe soos identifiseer word planmatig bestuur deur 'n kern projek groep. Die nuwe Kommunikasie Beampte Mev Elmarie Jooste neem leiding hiermee. | Hierdie aksie behels werk om deurentyd gedoen te word. | ✅ |
| 8.6 | Nuusbrief tegnologie om terugvoer te gee op nuusbrief. | Versprei die nuusbrief op wyse wat lesers in staat stel om terug te kommunikeer. | Die Verskil word stelselmatig versprei en kommunikasie word sentraal terugontvang en moniteer. Aflewering sukses word ook moniteer. | ✅ |
| 8.7 | Kommunikasie beampte moet die kommunikasie plan uitvoer. | Die aksies stappe soos identifiseer word planmatig bestuur deur 'n kern projek groep. Die nuwe Kommunikasie Beampte Mev Elmarie Jooste neem leiding hiermee. | Hierdie aksie behels werk om deurentyd gedoen te word. | ✅ |

| | Taakspan gesprekspunte | Aksie Stap | Status | |
|---|---|---|---|---|
| 8.8 | Aksie plan met teiken datums en uitvoering. | Die aksies stappe soos identifiseer word planmatig bestuur deur 'n kern projek groep. Die nuwe Kommunikasie Beampte Mev Elmarie Jooste neem leiding hiermee. | Hierdie aksie behels werk om deurentyd gedoen te word. | ✅ |
| 8.9 | As mens die plan koppel aan sinodesittings, nou 1,5 jaar en dan 4 jaar plan wat saam met die Sinode se siklus verloop. | Die gereedmaking vir die Sinodesitting vorm deel van die plan wat uitgevoer word ter ondersteuning hiervan. Mev Elmarie Jooste neem leiding hiermee. | Hierdie aksie behels werk om deurentyd gedoen te word. | ✅ |
| 8.10 | Werk skets goeie prentjie om te sien. | Opmerking – geen aksie benodig. | Opmerking – geen aksie benodig. | - |
| 8.11 | Wat nie gehoor het nie, vir wie is die nuusbrief, is dit vir leraars, vir lidmate, hou van stuur van mandaat waarvoor is hierdie, hoe van wie, wat (mandaat)? | Die inhoud word verfyn en sal groei en hierdie sal in die kommunikasie beleid aangespreek word. | In proses met eerste weergawe beskikbaar Desember 2025. | 🔄 |
| 8.12 | Lees die laaste tyd die weeklikse nuusbrief in die vergadering, en lees epos en eerste keer binne vergadering gesê wat aangaan, vra toe waarom praat ons nie hiervan nie bv kinderhuise wat nood het en so meer. | Die Verskil word per voorkeure versprei om hierdie behoefte in ag te neem. Tesame met 'n uitnodiging om behoeftes en inhoud te stuur. | Reeds implementeer. | ✅ |
| 8.13 | Was meer effektief om die epos te lees. | Kommunikasie voorkeure stel lesers in staat om te kies hoe hulle die Verkil wil ontvang. | Reeds implementeer deur voorsiening te maak dat belanghebbendes aandui wat hulle voorkeur kommunikasie kanale is. | ✅ |
| 8.14 | Kommunikasie beleid, goeie idee, asook kommunikasie plan – sal gemeente se beleid epos. | Kommunikasie beleid sal saamgestel word en verskeie komponente is al reeds in proses. | In proses met eerste weergawe beskikbaar Desember 2025. | 🔄 |
| 8.15 | Dink Jeug (Kaapse Kultuur) is besig met fokus. | Neem jeug in ag in die kommunikasie. | Die Verskil sluit gereeld jeug toerusting en kursusse in. | ✅ |
| 8.16 | Baie belangrike geleentheid vir mense om op taakspanne se inligting te fokus. | Die lys van Taakspanne tesame met die verslae word op die webblad beskikbaar gestel. | In proses. | 🔄 |
| 8.17 | Verskil: Die uitgangspunt in vergelyking met ander sinodes se nuusbriewe, aard en inhoud verskil. | Bied die verskil met 'n indeks aan wat lesers in staat stel om direk na die gedeeltes wat hulle in belangstel te navigeer. | Reeds implementeer. | ✅ |

| | Taakspan gesprekspunte | Aksie Stap | Status | |
|---|---|---|---|---|
| | Verskil is vergelykbaar met aankondigings, Interim kommunikasie klink asof dit meer effektief maak. | | | |
| 8.18 | Verpakking nuusbrief vs. Inligting (dalk meer effektief) | Bied die verskil met 'n indeks aan wat lesers in staat stel om direk na die gedeeltes wat hulle in belangstel te navigeer. | Reeds implementeer. | ✅ |
| 8.19 | Wie is die persoon verantwoordelik om seker inligting aspekte te ontvang. | Die Verskil kommunikeer duidelik aan wie inligting gestuur kan word tesame met die kontak besonderhede. | Reeds implementeer. | ✅ |